Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 31: *Emor* (אמר) – Spreek, Praat, Sê.

יהוה het vir Moshe gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle. Lev. 21:1 en 2 – PWL[1].

Torah: Lev. 21:1 tot 24:23.

Haftorah: Eseg. 44:15-31.

Hernieude Verbond: Rom. 12:1–2; 1 Pet. 2:9; Heb 12:14; 1 Pet. 1:13–17; Hebr. 7:26; Kol. 2:16–17; Matt. 5:16; Efes. 5:8; Joh. 1:4,9; 8:12; 2 Kor 4:6; Matth. 5:38–42; Jak. 2:1–9; 1 Pet. 1:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 31 wat afgelaai kan word by: Parashah31Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

For those who hate truth, truth is hate – Anonymous

You can ignore reality. However, you cannot ignore the consequences of ignoring reality – Ayn Rand.

Holiness is the art and science of living respectfully within the God given boundaries of life – Rabbi Label Lam.

The children of Israel are responsible for being the image of YHWH in the world. We are to accomplish this ominous and awesome task by giving tangible, substantial, and physical life to the Torah. As YHWH is living, so must His image be living; therefore we are to be the bearer of this living image. It is impossible to overemphasize the weight and importance of this calling. The psalmist (Ps. 147:19) declares that YHWH has not given His Torah to any other nation or people – Glenn McWilliams.

Midrash (Torah Bespreking)

Die onderrig en instruksies aangaande dienswerk van die priesters vorm die basis van Levitikus (*Vaiykra*). Daarom staan hierdie derde boek van Moses ook bekend as *Tohrat Kohanim*, naamlik die Torahonderrig en -instruksies vir die priesters om te kan onderskei tussen rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) en tussen afgesonder (heilig, *kadosh*) en nie afgesonder (onheilig, *chol*)

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

As koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek, leer Torah ons steeds om te kan onderskei tussen rein en onrein, asook tussen afgesonder (heilig) en nie afgesonder (onheilig) sodat ons as rein en afgesonder in YHVH se Teenwoordigheid diens kan doen. Torah leer ons om ons liggame beskikbaar te stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God (Rom. 12:1)

In hierdie dispensasie waar daar geen tempel in Jerusalem is nie, is ons die tempel van YHVH – as individue, maar ook korporatief. Soos die Leviete deur geboorte deel geword het van die priesterdom, so word ons deur wedergeboorte deel van die priesterdom volgens die orde van Melgisedek.

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:5.

Torah Bepaal Die Grense

Torah is 'n uiteensetting en verduideliking van YHVH se grense waarbinne ons moet leef. Binne hierdie grense is daar nie net 'n groot mate van vryheid nie, maar ook van beskerming en voorsiening. Die grense baken die gebied af waar binne ons rein en afgesonder (heilig) moet leef en waar ons verseker kan wees van 'n verhouding met die Vader waar ons al nader aan Hom deur Yeshua Messias beweeg.

Hierdie grense is egter **nie** onderhandelbaar nie soos wat ons in parashah 26 geleer het toe Nadab en Abihu gesterf het omrede hulle vreemde vuur in YHVH se Teenwoordigheid gebring het! Hierdie is 'n herinnering dat ons die geregtigheid van YHVH-God moet soek (Matt. 6:33) en nie ons eie geregtigheid moet oprig nie (Rom. 10:1 tot 3).

YHVH is die Wetgewer (Jak. 4:12) wat die grense vasgestel het en Sy grense is nie onderhandelbaar nie!!

Hierdie vasgestelde grense, soos reeds genoem, is terwille van ons en ons verhouding met Vader-God, asook terwille van ons verhouding met ons medemens. 'n Lewe binne hierdie grense is 'n lewe propvol shalom, naamlik vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van gees, siel en liggaam.

The cardinal principle of Torah is: Love YHVH with all your heart and your fellow man as yourself! The rest of Torah is commentary! – Anonymous.

Vir die wêreld is die Torah-gegewe grense egter dwaasheid en met menslike wysheid wil die mensdom YHVH se grense verskuif, maar hierdie wêreldgesinde wysheid is dwaasheid by God.

Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang. 1Kor. 3:18 en 19.

YHVH se vasgestelde grense waarbinne Sy koninklike priesterdom moet lewe is Vader-God se wysheid!

Die wet van יהוה is volmaak: dit verfris die lewe; die getuienis van יהוה, wat die eenvoudiges wys maak, is vertrouenswaardig. Die opdragte van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil

en emosie; die bevele van יהוה is suiwer: dit verlig die oë. Die respekvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as kosbare stene en soeter as heuning uit die korf. Meer nog, U dienskneg word daardeur gewaarsku en as hy dit hou sal hy baie beloon word.
Ps. 19:7 tot 11 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Watter voorbeelde is daar van hoe die mensdom YHVH se grense van rein en afgesonder verskuif het. Is YHVH se vasgestelde grense van wat ‘n huwelik is verskuif? Wat van YHVH se voedselvoorskrifte en Feestye? Onthou: Om te eet van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad is om te kies om self te besluit oor wat reg (rein, afgesonder) en wat verkeerd (onrein, onheilig) is!

Moenie YHVH se Naam Onteer Nie!

“Praat met Aharon en sy seuns dat hulle versigtig moet wees met die afgesonderde gawes van die seuns van Yisra’el wat hulle tot My afsonder sodat hulle My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) nie onteer nie. Ek is יהוה – Lev. 22:2 – PWL.

Ons moet versigtig wees met die afgesonderde (heilige) gawes, naamlik die offergawes wat ons bring, sodat ons nie YHVH se Afgesonderde Naam ontheilig nie. Hierdie is bevestiging van die verantwoordelikheid wat ons as koninklike priesterdom het.

Toe Israel van die slawejuk van Egipte bevry was, het hulle aan die voet van die berg Sinai deur wyse van ‘n verbond onderneem om volgens die onvervalste Woord van YHVH te lewe. Al die kinders van Israel is daarom verantwoordelik om YHVH se Torah gehoorsaam te wees. Indien ons dit nie doen nie, dan onteer ons die Naam van YHVH.

Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat YHVH gespreek het, sal ons doen. En Moses het die woorde van die volk aan YHVH oorgebring. Ex. 19:8

Ons as Israel is verantwoordelik om die beeld van YHVH aan die wêreld te demonstreer deur ons woorde en dade. Indien ons nie hierin slaag nie, onteer ons die Naam, naamlik die Karakter en Outoriteit van YHVH! YHVH het Sy Torah aan Israel toevertrou en aan geen ander volk nie.

Hy (YHVH) maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!
Ps. 147:19.

Glenn McWilliams verduidelik dit in sy notas van parashah *Emor* soos volg:

> *While we may indeed praise YHWH for this honor, we must recognize that by declaring ourselves to be the children of Israel, we are agreeing to carry out this responsibility and live to a greater degree of accountability to the Holy One who has blessed us with this honor. We should also recognize the great cost of our failure to keep our promise. If we are the ones chosen to bear the name and image of YHWH, whatever we say and do is a direct reflection upon the Holy One. If we add to or subtract from the revelation of YHWH we distort, desecrate, destroy, defile, corrupt, and pollute the image of YHWH ELOHIM. When we distort or corrupt the image of YHWH we are guilty of blasphemy and idolatry, but possibly the worse sin is that we lead the world astray. Our calling as the children of*

Israel is not a calling of privilege for our own sake. We have been called for the sake of the world.

I am often asked if keeping Torah is a salvation issue. My answer is "Most definitely!" What needs to be understood, however, is that we do not keep the Torah for our own redemption. This has been accomplished already by grace through Yeshua HaMashiach. We do keep the Torah for the sake of the salvation of the rest of the world. By our keeping the Torah the world may come to know the true Creator, Deliverer, Redeemer, and Savior. We therefore carry the responsibility of bringing the Word of YHWH to life that the world may see, hear, experience, and know the power, love, grace, compassion, justice, righteousness, and holiness of YHWH ELOHIM.

Bepeins of Bespreek

1. Die beeld van YHVH kan nie vergestalting kry in die lewelose of die materiële nie. Dit is slegs die mens wat lewe wat die beeld van YHVH aan die wêreld kan demonstreer. Daarom het Yeshua slegs die werke van die Vader gedoen en hierdie werke is die werke van Torah, naamlik die woorde en dade van Torah. Is dit hoekom Jakobus ook skryf dat geloof sonder werke nuttelose (dooie) geloof is (Jak. 2:14 tot 26)?

2. Besef ons dat die waarheid van vertroue in Yeshua wat met Torah-gehoorsaamheid gepaardgaan aan ons toevertrou is, en dat ons 'n verpligting het om hierdie waarheid nie net met die wêreld te deel en dit aan hulle te demonstreer deur ons leefwyse nie, maar ook om dit met die Christendom (wat Torah verwerp) en Rabbynse Judaïsme (wat Yeshua verwerp) te deel en aan hulle met woord en daad te demonstreer?

Die Vasgestelde Tye Van YHVH

Hoewel ons parashah begin met die verdere onderrig van, en die instruksies aan die priesters, is die hoogtepunt die Vasgestelde Tye (Feestye) van YHVH soos dit in Levitikus 23 beskryf word.

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Die vasgestelde tye van* יהוה *moet julle as afgesonderde byeenkomste verklaar; hierdie is My vasgestelde tye.* Lev. 23:1 en 2 – PWL.

YHVH het 'n kalender van vasgestelde tye. Hierdie is afsprake en afgesonderde byeenkomste wat deur YHVH self vasgestel en ingestel is. Vader-God, het dus 'n kalender waarin Hy sekere afsprake met Sy volk (kinders) gedagboek het. Hierdie jaarlikse afsprake is ewigdurend en elkeen het 'n uitnodiging om dit te aanvaar of te verwerp.

Die Hebreeus vir *vasgestelde tye* (feestye) is *mo'edim* en is 'n ontmoeting op uitnodiging van YHVH waartydens Hy sekere heilswaarhede opnuut aan Sy volk wil bevestig. Hierdie vasgestelde tye is afgesonderde (heilige) samekomste (Hebreeus: *kodesh miqra*).

Hierdie twee woorde, naamlik *vasgestelde tye* en *afgesonderde byeenkomste* hou ook verband met die tabernakel. Ten opsigte van die Tabernakel lees ons in Ex. 29:42 tot 44 die volgende:

Hierdie moet 'n voortdurende brandoffer wees vir julle geslagte, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, voor die Teenwoordigheid van יהוה*, waar Ek jou sal ontmoet om met jou te praat. Daar sal Ek met die kinders van Yisra'el ontmoet en die tent sal deur My Gemanifesteerde Teenwoordigheid afgesonder word. So sal Ek dan die Tent van Ontmoeting*

en die altaar afsonder. Ek sal Aharon en sy seuns ook afsonder om vir My as priesters te dien (PWL).

Die Tabernakel word ook die Tent van Ontmoeting (*mo'ed*) genoem en is afgesonder (*kodesh*) weens YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid. Die tabernakel is dus 'n plek – 'n ruimte – waar die mens YHVH kon ontmoet en in Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid kon staan. Net so is die vasgestelde tye van YHVH 'n 'plek' in tyd waar ons YHVH kan ontmoet om ook in Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid te kan staan.

In die verband is dit belangrik om te onthou dat die Shabbat ook YHVH se vasgestelde tyd is wat Hy afgesonder het.

….. hierdie is My vasgestelde tye: vir ses dae lank mag julle werk, maar op die sewende dag is dit 'n Shabbat van volkome rus, 'n afgesonderde byeenkoms. Jy mag géén werk doen nie, dit is 'n Shabbat van יהוה*, oral waar julle bly.* Lev. 23:2 – PWL.

Onthou: Die Vasgestelde Tye, net soos die tabernakel, priesterorde en offerandes, is `n heenwysing na Yeshua Messias (Joh. 5:39 en 40) en derhalwe 'n heenwysing (sinnebeeld) van YHVH se totale verlossingsplan. Deur die vasgestelde tye, insluitend Shabbat, te gedenk sien ons die skaduwee van Messias – 'n skaduwee wat deur Sy liggaam gevorm word vanweë YHVH se Lig wat op Yeshua skyn.

Such (things) are only the shadow of things that are to come, and they have only symbolic value. But the reality – the substance, the solid fact of what is foreshadowed, the body of it – belongs to Messiah. Kol. 2:17 (Amplified Bible).

Deur ons afsprake met Vader-God op Sy Vasgestelde Tye jaarliks te gedenk, word ons herinner aan YHVH se totale plan van herstel en word ons deel van hierdie werklikheid soos wat dit plaasgevind het en steeds besig is om plaas te vind. Dit is 'n herinnering van wat reeds gebeur het, van wat besig is om te gebeur en van wat nog sal gebeur. Hierdie jaarlikse afsprake is ewige instellings en is deel van YHVH se Torah – Sy liefdevolle onderrig en instruksies.

Almal wat die reddende genade van YHVH deur vertroue in Yeshua as Messias ontvang het, en met 'n afhanklike vywilligheid hulself aan YHVH onderwerp, sal volgens 'n kalender leef wat hulle sal onderskei (afsonder) van die res van die wêreld. Hierdie is YHVH se kalender en verskil in vele opsigte van ons Gregoriese kalender. Ons roeping is om as koninklike priesterdom en afgesonderde volk die deugde te verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, ons wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is (1 Pet. 2:9 en 10).

Indien ons YHVH se afsprake met ons eerbiedig, lewer ons getuienis dat ons Sy volk is en dat ons Sy onderrig en instruksies (Torah; wet) omhels sodat ons in Sy wonderbare lig kan wandel en Sy uitnemendheid kan verkondig. Dit is 'n bevestiging van die begeerte om die dinge van die wêreld agter te laat en terug te keer na die *goeie weg* van YHVH (Jer. 6:16).

Nota: 'n Studie van die Afgesonderde Tye van YHVH kan afgelaai word deur op die volgende skakel te kliek: by: http://nuwelied.info/?cat=1

Bepeins of Bespreek

1. Leef ons in die tyd waar die volgende woorde van Jesaja waar geword het?

So spreek die YHVH: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie. Ek het ook wagte oor julle gestel en gesê: Luister na die geluid van die basuin. Maar hulle het geantwoord: Ons wil nie luister nie. Daarom, hoor, o nasies! En weet, o vergadering, wat onder hulle is! Hoor, aarde! Kyk, Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; want na my woorde het hulle nie geluister nie, en my wet, dié het hulle verwerp. Jer. 6:16 tot 19

Wat daarvan het waar geword? Is daar ‘n terugkeer na die ‘ou paaie’ van Shabbat en Vasgestelde Tye? Is Hos. 4:6 (Afrikaanse Ou Vertaling) wel besig om waar te word?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.